ADVENT UITGAWE

ADVENT WEEK 1

# Nasaret Nuus

30 NOVEMBER TOT 6 DESEMBER 2025

# VOLKSTELLING!

## ROME WIL ALMAL TEL

*Keiser Augustus het die bevel uitgevaardig dat 'n sensus deur die hele Romeinse Ryk gehou moet word (Lukas 2:1-3). Elke persoon in die ryk moet in hul eie stad registreer en getel word.*

*Daar is geen verduideliking gegee vir hierdie bevel nie, maar diegene naby aan die Keiser meen dat hy op 'n misie is om die Romeinse Ryk te verdubbel in grootte. Rome het die afgelope jare in 'n belastingmasjien ontaard, aangesien Keiser Augustus se uitbreidingsplanne befondsing vir paaie, infrastruktuur, en natuurlik die gevreesde weermag benodig.*

*Volgens die Ryk, bly die fokus op die vestiging van 'n "Pax Romana" (Romeinse vrede) en politieke stabiliteit. Ontleders bevraagteken egter die feit dat hierdie "vrede" dikwels deur millitêre geweld en onderdrukking gevestig word.*

**Lees verder op bl.2.**

## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Welkom by die eerste uitgawe van Nasaret Nuus, **Ritmia Gemeente** se Advent-koerant.

Advent is die voorbereidingseisoen vir Kersfees. Die woord Advent beteken afwagting. Dit begin op die vierde Sondag voor Kersfees. Elke week het 'n spesifieke tema: hoop, vreugde, vrede, en liefde. Daar is dus vier uitgawes van hierdie koerant.

Ons hart is om Advent vanjaar ekstra pret te maak, deur die welbekende verhale in storie- en koerantvorm te skryf. Ons hoop om ekstra kleur aan die konteks van Christus se geboorte te bring, sodat ons harte sal oop wees om die wonder van Jesus se menswording nóg dieper saam te kan vier. Hierdie koerant kan sommer net as leesstof geniet word, daagliks as persoonlike Bybelstudie gebruik word, of saam deur gesinne gelees en bespreek word (sien bl.4 vir vrae om saam oor te wonder).

Die artikels is meestal vanuit die oogpunt van 'n Joodse persoon geskryf - wat in Jesus se tyd in Nasaret sou gewoon het. Ek skryf met die gebruik van humor en kreatiwiteit, maar bly ook so getrou as moontlik aan die Skrifteks. Noukeurige navorsing is gedoen oor die konteks van die verhale, maar daar is altyd plek om meer te leer! Laat weet gerus indien jy ander interessanthede deur jou eie reis ontdek.

Vir daaglikse tyd saam met God: kies 'n artikel en lees dit stadig deur. Lees dan die tekste waarna verwys word twee keer stadig deur. Met die gebruik van jou joernaal, gesels met God oor die volgende vrae: Wat roer binne my? Watter woord/frase staan vir my uit? Wat hoor ek van God se karakter en hart?

Ons daaglikse gebed hierdie week is Maria se woorde in Lukas 1:38: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat U sê."

Geniet dit, en mag God nuwe dinge aan jou openbaar – veral nuwe dieptes van hoop.

**Adri-Marié**

# BEJAARDE EGPAAR VERWAG!

## WONDERWERK VIR PRIESTER EN VROU

*Sagaria, 'n priester van Jerusalem, is letterlik stomgeslaan oor die goeie tyding dat hy en sy vrou Elisabet vir die eerste keer gaan ouers word. Vir die nuwe ouerpaar is die nuus van die swangerskap nie net wonderbaarlik oor hulle gevorderde ouderdom nie, maak ook omdat Elisabet nie vroeër kinders kon hê nie. (Lukas 1:5-25)*

*Volgens Elisabet was Sagaria besig om 'n wierookoffer te bring, toe engel Gabriël skielik aan hom verskyn het. Die engel het blykbaar gesê dat hulle 'n seun sal verwag, en dat daardie seun soos Elia sal wees wat mense sal help om terug te keer na God toe. Sagaria kon sedert die ontmoeting nie weer 'n woord uiter nie, en is steeds stom. Elisabet sê sy is deur handgebare en geskrewe notas oor die goeie nuus ingelig.*

*Alhoewel die nuus haar aanvanklik oorweldig het, is die tekens van haar swangerskap reeds duidelik sigbaar. Elisabet, wat ook die tante is van Maria van Nasaret, se vreugde oor die swangerskap is aansteeklik. Sy is glo vroeër in haar lewe baie gespot omdat sy nie kinders kon baar nie.*

*Lede van die tempelgemeenskap van Jerusalem het ook hul vreugde gedeel dat nog 'n afstammeling van Aäron gebore sou word, en aangebied om die bejaardes by te staan. Sagaria en Elisabet is welbekend vir hul getrouheid aan die wet van God en glo dat Sagaria se stem met die koms van hul seun sal terugkeer. Intussen deel hulle mekaar se opgewondenheid, in stilte.*



## *DIE GROOT DEBAT:*
## Wat is die beste pad na Jerusalem?

**Lees meer op bl.3**

ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 1


30 NOVEMBER TOT 6 DESEMBER 2025

# KEISER AUGUSTUS GEE BEVEL OM TE TEL

*Daar is onder dorpenaars gemengde reaksies oor die sensus. Sommige gaan dae lank na hul geboorteplekke moet reis om daar ingeskryf te word. (Lukas 2:1-5) Ander wonder of die volkstelling hoër belasting tot gevolg sal hê.*

*Boonop verskil Jode toenemend oor of dit reg is om aan die Keiser belasting te betaal (Matteus 22:15-22). Die Joodse rebelle-groep, die Silote, glo sterk dat Israel slegs aan God behoort en dat belasting aan die Keiser opnuut slawerny is.*

*Desondanks sal elkeen se naam ingevolge die bevel in 'n register opgeteken moet word.*



# LEER KEN DIE KEISER

*Keiser Augustus is Rome se eerste keiser, en die stigter van die Romeinse Ryk. Rome was voorheen 'n republiek, wat deur 'n senaat, of 'n soort parlement, regeer is.*

*Keiser Augustus is in 63 v.C. as Octavius gebore en is deur sy oom, Julius Caesar, aangeneem. Caeser was een van die drie prominente militêre leiers van die Romeinse Republiek: Pompeius (wat die Jode onder Romeinse bewind ingebring het), Crassus en dan Julius Caesar.*

*Caesar is in 46 v.C vir tien jaar as diktator van Rome aangestel, maar is in 44 v.C vermoor. Voor sy dood het hy Octavius as opvolger en erfgenaam benoem.*

*Octavius het met die lojaliteit van sy oom se weermag baie militêre sukses behaal. Sy bekendste oorwinning was waarskynlik oor Marcus Antonius en koningin Kleopatra in die stryd vir Egipte. Hy het stadig maar seker sy pad as dominante leier oopgeveg, en Rome tot keiserryk hervorm waar hy homself gevestig het as 'n leier van administrasie, ekonomie en militêre strategie.*

*Octavius het in 27 v.C. amptelik die titel Keiser Augustus ontvang en daarmee saam, outokratiese mag.*

*Keiser Augustus het 'n dogter en 'n paar aangenome seuns: met Tiberius as gunsteling (Lukas3:1 en Johannes 19:12).*

## DIE RABBI RUBRIEK

**Wat is hoop?**

Ons gebruik hierdie woordjie só dikwels dat ons dit maklik eintlik met minagting gebruik. "Ek hoop…" word gebruik in die plek van "ek wens" of "ek sou graag wou" of selfs wanneer ons negatief voel en iemand iets slegs toewens. Maar wat is hoop werklik?

Hoop is nie net 'n sagte wens in my hart toegesluit, of 'n fluistergebed wat oor my lippe geuiter word nie. Dit is nie bloot 'n geloofsoortuiging wat diep in my hart skuil of 'n dapper front wat my vrees probeer onderdruk nie.

Wanneer ons die woord hoop in die woordeboek opsoek, word dit beskryf as 'n onsekere verwagting dat 'n bepaalde gewenste sal gebeur. Maar daardie woord 'onsekere' laat my sommer onseker voel. Want hoe kan ware hoop in die onsekere gewortel wees?

So, wat beteken hoop vir ons as gelowiges - veral in een van die mooiste vieringstye van die jaar? Wat beteken hoop in die lig van Christus se koms na die wêreld?

Hoop is nie 'n onsekere wens nie.
Hoop het 'n Naam.
Hy ken jóú op jou naam.
Hoop het jou geroep.
Hoop het jou gekies.
Hoop is nie net dit wat ons in Jesus vind nie;
Hoop is wie ons in Jesus vind.

Miskien het hierdie jaar die wind uit jou seile gehaal en die hoop binne jou hart laat wankel. Tog bid ek - met die vaste oortuiging dat God Romeine 15:13 vir jou waar sal maak: "Ek bid dat God, die Bron van hoop, julle sal vul met alle vreugde en vrede omdat julle op Hom vertrou. Dan sal julle oorvloedige hoop hê deur die krag van die Heilige Gees."

Mag jy God opnuut in hierdie Adventseisoen ontmoet as jou ware bron van hoop, en mag jou hart gevul word met oorvloedige hoop.

Bianca van Heerden (Ritmia spanlid)

## *LIEF EN LEED*

### VERLOWING!


Dit is met groot vreugde dat die families van Josef en Maria aankondig dat hulle verloof is (Lukas 1:27). Altwee families is besonder ingenome met hierdie ooreenkoms, aangesien beide deel is van die geslagsregister van Koning Dawid. Soos Joodse tradisie vereis, is Josef reeds besig om vir sy bruid 'n kamer by sy vader, Jakob, se woning aan te bou (Johannes 14:2-6). Ons wens hulle alle geluk toe en sien uit na die bruilofsfees!

## ARBEIDERS BENODIG !

Wingerdeienaar opsoek na hardwerkende arbeiders. (Matteus 20:1-16)

*Belangstellendes kan eienaar teen sonsopkoms op die markplein ontmoet.*

**Betaling: 1 denarius**



## JOSEF SE SKUUR

**Hout- en klipprodukte**

'n Ontwerp wat jy van droom?
Ek maak dit sonder skroom!
Standaard-items ook beskikbaar.
(Vra my oor ruilhandel-opsies)

ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 1

30 NOVEMBER TOT 6 DESEMBER 2025

JOU REISGENOOT DEBAT (DEEL 1): **DIE BESTE PAD NA JERUSALEM**

## SAL JY DIT DEUR SAMARIA WAAG?


*Ná die aankondiging oor die sensus, het die bekende debat opnuut opgevlam: wat is die beste roete van Nasaret tot Jerusalem? Ons het verskeie Nasareners gevra oor hul eie ervarings van reis om feeste in Jerusalem by te woon, soos die Fees van die Ongesuurde Brood, die Fees van die Weke en die Huttefees (Deuteronomium 16:16).*

*Die oorweldigende reaksie vanaf ons lesers is dat hul eerder die langer pad (4-7dae) deur die Jordaanse vallei sal stap, as die direkte drie-dag roete deur Samaria. Hoewel die bergagtige terrein in Samaria as rede voorgehou word, is dit waarskynlik oor meeste Nasareners se vrees vir en awersie teen die Samaritane (Johannes 4:1-42).*

*Die oorsprong van die aanvoelbare haat tussen Samaritane en Jode, lê in die verskillende oortuigings oor heilige plekke van aanbidding, en heilige tekste. Hierdie oortuigingsverskille lei dikwels steeds tot fisieke geweld, omdat min mense die vaardighede besit om konflik konstruktief op te los, óf om na 'n ander se uitgangspunt te kan luister.*

*Daar is 'n klein groepie Nasareners wat meen dat dit tyd is om verskille opsy te stoot, en dat die Samaritane in wese nie baie van die Jode verskil nie. Hulle getuig dat vriendskap die oplossing is tot die probleem, en dat Samaritane baie meer gasvry is as wat die media soms voorstel. Die een Nasarener het gesê dat dit tragies is dat ons mense eerder drie dae langer sal loop, as om oor hulle vooroordele na te dink. Daarmee saam mis mense daarop uit om in Samaria in die geskiedkundige voetspore wat die voorvaders Abraham en Jakob te gaan loop.*

*Plaaslike timmerman, Josef, het in 'n onderhoud genoem dat hy steeds die roete via die Jordaanrivier verkies, omdat dit veiliger en bekend is. Hy beplan om die roete te reis om sy verloofde, Maria, veilig na haar tante Elisabet en oom Sagaria te neem, om in die vreugde van hulle swangerskapwonderwerk te deel. Hulle familielede bly in 'n die klein dorpie, Ein Karem, suidwes van Jerusalem (Lukas1:39). Die debat duur voort: wat sal maak dat jy die direkte roete sou oorweeg?*




Kaart vanaf: www.biblicalarchaeology.org

### WAT OM IN SAMARIA TE DOEN:

***Sheshem, ook bekend as Sigem***
*Besoek hierdie historiese stad om in die voetstappe van vader Abraham en ook van Joshua te gaan loop. (Genesis 12:6-7, Joshua 24)*

***Die Fontein van Jakob***
*Die geskied-kundige fontein waar Jakob vir sy familie water gekry het (Johannes 4:1-42). Dit is vandag steeds 'n plek waar mense goeie water gaan skep.*

***Jezreel-vallei***
*Oppad na Samaria, reis deur die geskiedkundige vallei waar verhale van Gideon (Rigters 6 en 7) en Koning Saul (1 Samuel 31) nuwe betekenis sal kry.*

### DIE AFSTAND

**ROETE VIA SAMARIA:**
*120 km, 3 dae*

**ROETE VIA JORDAAN RIVIER:**
*156km, 5-7 dae*

## AKTUEEL: MENTORSKAP

Wat is die prentjie wat by jou opkom wanneer jy die woord 'mentorskap' hoor? Is dit 'n bemoedigende en uitnodigende prentjie van iemand ouer wat opreg omgee en wysheid het om te deel? Of dink jy aan ongevraagde advies van iemand wat net inmeng?

Maria het die voorreg gehad om Elisabet te ken. 'n Ouer vrou wat tydens 'n onseker tyd kon saamluister na God se plan (Lukas 1:39-45, 56). Elisabet se postuur is een van deernis. Sy doen haarself nie voor as die een met al die antwoorde nie, maar sy bly 'n standvastige bron van bemoediging. Sy neem Maria onder haar vlerk in 'n tyd waar baie min mense God se plan vir Maria ernstig sou opneem.


Mentorskap is 'n tweeledige gesprek. Eerstens kan ons vra: Langs wie stap ek en luister ek opreg? Tweedens kan ons vra: Wie stap saam met my? By wie leer ek? Wie luister saam met my na God se werking in my lewe? Met wie is ek eerlik oor my binneste?

Wanneer ons uitgenooi word om te groei, is dit goed om intensioneel te wonder: Wie het God my gemaak om te wees? En wie kan my ondersteun om daardie persoon te word?

'n Mentor kan soms in boekvorm of via 'podcast' jou pad kruis. Maar wie kyk direk in jou oë en sien God se helende liefde en werking in jou lewe raak? Mentors is skaars. As jy een ken: maak intensioneel tyd saam. As jy nie een het nie: vra vir God om een te stuur. In ieder geval: wees een.

## MARKTE EN FINANSIES

**Die waarde van goud en sout**



*Maandelikse syfers toon dat die waarde van goud tans sterk opwaartse groei beleef, terwyl die waarde van sout stabiel gebly het.*

*Internasionale ekonome in Rome voorspel dat altwee kommoditeite in die volgende jaar stabiel sal wees, maar dat dit oor die langtermyn veiliger is om in goud te belê.*

### DIE SOEK HOEK

WIL DONKIE VIR 'N DAG HUUR IN RUIL VIR MANDJIE OLYWE - KONTAK SARA

ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 1

30 NOVEMBER TOT 6 DESEMBER 2025

## FAMILIE BLOKRAAI

1. Geboortenaam van Keiser Augustus
2. Ander naam vir sensus
3. Naam van priester in Jerusalem
4. Naam van Keiser se oom
5. Area waardeur Jode nie wou reis nie
6. Een van die feeste wat in Jerusalem gevier word
7. Geldeenheid in Jesus se tyd
8. Naam van die lied wat Maria gesing het
9. Naam van Ritmia se Advent-koerant
10. Wat beteken Advent?

## KOMPETISIE TYD

Stuur 'n foto van jou ingevulde blokkiesraaisel aan info@ritmia.org.za. Stuur asseblief ook jou kontaknommer en 'n klein stukkie terugvoer oor jou belewenis van die koerant:
Wat is jou gunsteling artikel tot dusver?
Ons gaan aan die einde van week 'n trekking hou vir 'n gelukkige wenner wat 'n lekker prys sal ontvang!

## NUWE MUSIEK

**Splinternuwe musiek is onlangs deur die jong Nasarener, Maria, uitgereik. Die titel van die lied is Magnificat (die Latynse woord vir vergroot). Sy was effe vaag oor wat die lied geïnspireer het, maar sê dat luisteraars met die verloop van tyd beter sal verstaan. Die vermoede is dat die lied die potensiaal het om die toets van tyd te deurstaan, en dat dit vir baie jare nog bekend sal wees (Lukas 1:46-55).**

*"Ek besing die grootheid van die Here,*
*ek juig oor God, my Verlosser,*
*omdat Hy na my*
*in my geringheid omgesien het.*
*Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem,*
*omdat Hy wat magtig is,*
*groot dinge aan my gedoen het.*
*Heilig is sy Naam!*
*Hy bewys ontferming*
*van geslag tot geslag*
*aan dié wat Hom eer.*
*Kragtige dade het Hy met sy arm verrig:*
*hoogmoediges in hulle eiewaan*
*het Hy uitmekaargejaag;*
*maghebbers het Hy van trone afgeruk*
*en geringes verhoog;*
*behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes*
*en rykes met leë hande weggestuur.*
*Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom*
*deur te dink aan sy beloftes van ontferming*
*soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders,*
*aan Abraham en sy nageslag*
*tot in ewigheid."*

## VRA VIR ELISABET:

**Liewe Elisabet**
Is dit moontlik om in vandag se tye nog hoopvol te lewe? Ek voel my hart daagliks harder word as ek dink aan hoe mense ander met geweld en mag en korrupsie verwoes. Ek voel die samelewing het verander. Almal is net kwaai en gee nie om vir mekaar nie.

*Liewe Leser*
*Jy vra 'n baie belangrike vraag. Ek voel met tye self baie oorweldig. Ons hoor deesdae nuus uit alle streke, en ons weet dat 'n skandaal of 'n bangmaak-storie baie beter versprei as stories van hoop. Hoop begin dus by ons ore: na wie luister ek?*

*Ek vind dat ek meer hoopvol leef wanneer ek myself omring met mense wat 'n verskil probeer maak.. Ek het Jaco Strydom (van Echo youth) eendag hoor sê: "As jy 'n volgelinge van Jesus is en jy wonder hoe God se plan vir hierdie stukkende wêreld lyk, neem 'n selfie."*

*Hoop begin by ons oggend en aandgewoontes. Hoe begin ek my dag? Is dit om dadelik my ore uit te leen, of begin ek my dag deur na God se hartklop binne my te luister? Ons lewe makliker met hoop wanneer ons God se aktiwiteit in ons, en ander se lewens kan raaksien.*


*Dit help my ook om te onthou dat hoop 'n vrug is van die Gees, 'n geskenk, 'n Persoon. Om te reflekteer: waarin plaas ek werklik my hoop?*

## WONDER SAAM:

**Gespreksvrae vir jou en jou geliefdes:**

Watter artikel het 'n indruk op jou gemaak? Wie is die mentors in jou lewe? By wie leer jy? Wat is die Samaria van ons tyd? Wie is die Rome van ons tyd, en hoe leef ons getrou as Christene? Watter geskiedkundige feite in die koerant was vir jou interessant? Hoe hoopvol voel jy tans? Watter raad het jy vir iemand wat sukkel met hoop? Wat het jy van God se hart raakgesien?

Hierdie koerant word gratis versprei deur Ritmia Gemeente (in vennootskap met ander gemeentes) www.ritmia.org.za
Dit is geskryf deur Adri-Marié van Heerden www.tendingthefire.co.za
Bronne wat dikwels gebruik is vir konteksnavorsing: www.bibleproject.com, www.bybelkennis.co.za, ESV Bible Atlas, www.biblearchaeology.org, NIV Study bible.
Indien jy graag hierdie skryfprojek, en die verspreiding daarvan, finansieel wil ondersteun, maak gerus 'n bydrae: Ritmia Gemeente, ABSA Tjek 409 504 9500
en gebruik die verwysing: KOERANT



ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 2

7 DESEMBER TOT 13 DESEMBER 2025

# GERUGTE OOR LANGVERWAGTE MESSIAS!


***Vurige woordwisseling in die sinagoge oor berigte dat die tyd van die langverwagte Messias moontlik aangebreek het.***


*'n Hewige debat het tydens die skriflesing van die plaaslike sinagoge se Sabbatsdiens ontstaan. Sadrag, 'n gerespekteerde geleerde van Nasaret, het die papirusrolle van die profete Jesaja (40) en Maleagi (3:1) oopgerol, en gedeeltes voorgelees.*

*'n Onbekende persoon het uit die gehoor voorgestel dat die boodskapper waarvan die Profete praat, moontlik onlangs gebore is. Dit volg op die nuus dat die engel Gabriël vermoedelik aan die priester, Sagaria, verskyn het met die belofte dat sy seun soos Elia sal wees en harte sal voorberei vir die koms van die Here (Lukas1.11-17).*

*Farriseërs in die gebied wat hiervan te hore gekom het, het die berigte dat die Messias binnekort sal kom, verwerp. Hulle het die publiek gerusgestel dat hulle eerste in kennis gestel sal word indien die profesieë vervul is (Johannes 1:9-12).*

*Sommige lede van die sinagoge het opnuut hoop uitgespreek dat die Messias binnekort oorwinning en verlossing sal bring. Ander het gekla dat die wagtyd nou te lank raak. Dit is 400 jaar sedert profete se verwysings na die koms, en talle kenners wonder of die tyd dalk tóg aangebreek het (Markus 1:2,3).*





## DIE GROOT DEBAT (Deel 2): Wat is die beste pad na Jerusalem?

*Lees meer op bl.3*

## FAMILIE SKANDE?

*Gerugte doen die rondte dat Maria, wat onlangs aan die skrynwerker Josef verloof geraak het, swanger is! Volgens 'n anonieme bron wat glo vir Maria buite Jerusalem gesien het, is daar geen twyfel dat die ongetroude dame swanger is nie. Die jong verloofde is tans in die gebied op besoek aan haar tante, Elisabet. Dit is nie duidelik of haar aanstaande se familie van die gerugte weet, en of dit 'n impak op die verlowing sou hê indien die skandalige gerugte waar is nie.*

*Nasaret Nuus het vir Josef gevra of daar enige waarheid aan hierdie gerugte is, maar hy wou nie daaroor uitbrei nie. Hy het met sekerheid bevestig dat sy huwelik en die troufees voortgaan. Tydens die onderhoud het hy by tye senuweeagtig voorgekom, hoewel steeds vol vreugde. Hy sê hy is baie opgewonde oor God se plan vir sy lewe saam met Maria (Matteus 1:18-25). Hy het versoek dat die berig nie geplaas word nie, omdat skinderstories baie skadelik kan wees (Spreuke 16:27,28).*

*Hoewel daar onsekerheid is oor sommige feite, is daar besluit om die berig te plaas, omdat die redaksie glo dit in die openbare belang is om vas te stel wat die ware stand van sake is. Maria was nie beskikbaar vir kommentaar nie.*



## *BEJAARDE EGPAAR VERWELKOM BABA!*

*Lees op bl. 2*

## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Welkom by die tweede uitgawe van Nasaret Nuus, **Ritmia Gemeente** se Advent-koerant.

Advent is die voorbereidingseisoen vir Kersfees. Die woord Advent beteken afwagting. Dit begin op die vierde Sondag voor Kersfees. Elke week het 'n spesifieke tema: hoop, vreugde, vrede, en liefde. Daar is dus vier uitgawes van hierdie koerant.

Ons hart is om Advent vanjaar ekstra pret te maak, deur die welbekende verhale in storie- en koerantvorm te skryf. Ons hoop om ekstra kleur aan die konteks van Christus se geboorte te bring, sodat ons harte sal oop wees om die wonder van Jesus se menswording nóg dieper saam te kan vier. Hierdie koerant kan sommer net as leesstof geniet word, daagliks as persoonlike Bybelstudie gebruik word, of saam deur gesinne gelees en bespreek word (sien bl.4 vir vrae om saam oor te wonder).

Die artikels is meestal vanuit die oogpunt van 'n Joodse persoon geskryf - wat in Jesus se tyd in Nasaret sou gewoon het. Ek skryf met die gebruik van humor en kreatiwiteit, maar bly ook so getrou as moontlik aan die Skrifteks. Noukeurige navorsing is gedoen oor die konteks van die verhale, maar daar is altyd plek om meer te leer! Laat weet gerus indien jy ander interessanthede deur jou eie reis ontdek.

Vir daaglikse tyd saam met God: kies 'n artikel en lees dit stadig deur. Lees dan die tekste waarna verwys word twee keer stadig deur. Met die gebruik van jou joernaal, gesels met God oor die volgende vrae: Wat roer binne my? Watter woord/frase staan vir my uit? Wat hoor ek van God se karakter en hart?

Ons daaglikse gebed hierdie week, kom uit die laaste vers van Sagaria se lied, in Lukas 1:79: **"Sal U ons voetstappe rig op die pad van vrede?"**

Geniet dit, en mag God nuwe dinge aan jou openbaar – veral nuwe dieptes van vrede.

**Adri-Marié**

ADVENT UITGAWE

ADVENT
WEEK 2

# Nasaret Nuus

7 DESEMBER TOT 13
DESEMBER 2025

SENSUS OM DIE DRAAI:

## KEN JY JOU GESLAGSREGISTER?

*Ná die sensusaankondiging van Keiser Augustus is Nasareners aan die spartel om betyds by die regte registrasiepunte uit te kom. Daar in onsekerheid of Jode in hul geboortedorp, huidige tuisdorp, of een van hul voorvaders se dorpe moet registreer. Dit het mense opnuut bewus gemaak van hul eie geslagsregisters. Josef, die plaaslike timmerman, is een van 'n klein groep bevoorregtes wat 'n ou geskrewe rekord van sy voorvaders besit. Hy het 'n lys van die 14 geslagte van Abraham tot by Koning Dawid, dan die14 geslagte tot die wegvoering na Babilonië, en dan die 13 geslagte van Babilonië tot by homself.*

OULIKE DONKIE TE KOOP

NOG JONK EN STERK - BYT NIE (TE) VEEL NIE

Kontak Jakobus by die olyfplaas



*Hy was aanvanklik huiwerig om dit beskikbaar te stel, weens 'n paar beweerde familieskandes wat deel is van die lys. Hy is egter gerusgestel dat daar geen perfekte families bestaan nie, en het ingestem om dit te deel:*

*Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda; Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar (Genensis 38), Peres van Gesron, en Gesron van Ram; Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson van Salmon; Salmon was die vader van Boas by Ragab (Joshua 2en6), Boas van Obed by Rut, Obed van Isai; Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija (2 Samuel 11en12, 1 Konings 1en2); Salomo was die vader van Rehabeam, Rehabeam van Abia en Abia van Asa; Asa was die vader van Josafat, Josafat van Joram, en Joram van Ussia; Ussia was die vader van Jotam, Jotam van Agas, en Agas van Hiskia; Hiskia was die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van Josia; Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is die volk weggevoer na Babilonië toe. En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was die vader van Sealtiël, en Sealtiël van Serubbabel; Serubbabel was die vader van Abihud, Abihud van Eljakim, en Eljakim van Asor; Asor was die vader van Sadok, Sadok van Agim, en Agim van Elihud; Elihud was die vader van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan van Jakob; en uiteindelik: Jakob is Josef se pa (Matteus 1:1-17).*

*Hierdie lang lys van name is baie meer betekenisvol as wat in hierdie artikel vermeld word. Josef het ons gesprek gepas afgesluit: "Of jy nou weet vanwaar jy kom, of nie, wat saakmaak is watter stories jy met jou lewe gaan skryf, en die impak wat dit gaan maak".*

## LIEF EN LEED: 'N NUWE GEBOORTE

*Dit is met groot vreugde dat die priester Sagaria en Elisabet hulle eerste kind, 'n seun, verwelkom (Lukas 1:57-66). Alhoewel daar vanweë Elisabet se ouderdom onsekerheid oor die geboorte was, het alles goed verloop en gaan dit goed met ma en baba. Sagaria, wat die afgelope nege maande stom is, het agt dae na die geboorte vir 'n onvergeetlike besnydenis gesorg. Die familie wou die seun na sy pa vernoem, maar Sagaria het met groot handgebare ge- protesteer, en op die naaste skryfbord geskryf: sy naam is Johannes!*

*In daardie oomblik het Sagaria se stem skielik teruggekeer en hy het sonder huiwering, uit volle bors, 'n lied begin sing om te God prys! Die benaming én die gesingery het groot verbasing veroorsaak! Ontleders wonder of hierdie seun in sy pa se voetspore gaan volg. Dit is egter duidelik dat dit is nie die laaste keer is wat ons van hierdie seuntjie Johannes sal hoor nie (Markus 1:2-8).*



## DIE RABBI RUBRIEK

**VREDE**

Wat is vrede? Is dit die gevoel wanneer ons sonder haat, sonder twyfel of sonder vrees leef? Nee, vrede is méér. Vrede is dít wat net die Here kan gee, selfs wanneer alles om jou donker en onseker lyk.

Ons verwar soms vrede met beheer. Wanneer alles volgens ons plan verloop, lyk dit of ons vrede het. Maar dikwels is dit net die illusie van vrede, wat ons bou op ons eie vermoë om dinge te laat werk. Die ware vrede - dié wat God gee - kom nie uit beheer nie, maar uit oorgawe. Wanneer ons toelaat dat Sy liefde ons vul, word ons volkome heel en gevul met Sy vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Hierdie is 'n vrede, wat jy nie kan beskryf nie. Dit is iets wat jy beleef wanneer jy in Sy teenwoordigheid is. 'n Vrede wat jou denkwyse en optrede bepaal. Hierdie is 'n vrede wat ander ervaar wanneer hulle in jou teenwoordigheid is. 'n Vrede wat sonder woorde oortuig, en wat hulle laat smag na dieselfde vrede wat hulle deur jou beleef.

Vrede is om te kies om Hom steeds te soek, ten spyte van die wêreld se sienswyses en oortuigings, selfs te midde van chaos en storms wat om jou woed. Jesus, wat tydens 'n storm rustig op die boot geslaap het, is deur angstige dissipels wakker gemaak. Hy het opgestaan, en met één woord die storm stil gemaak: ""Swyg! Wees stil!" En die wind het gaan lê, en daar het groot stilte gekom" (Markus 4:39). Net so bring Hy ook vir jou vrede - 'n vrede wat nie van hierdie wêreld is nie. 'n Krag wat storms laat lê, 'n liefde wat sondes bedek en vergifnis wat genesing bring.

Hy is die Vredevors – Hy wat was, wat is, en wat altyd sal wees. In elke situasie, groot of klein, sal Hy jou omvou met 'n vrede wat mens nie in woorde kan omskryf nie - 'n vrede wat wonderbaar, onverklaarbaar en volmaak is. "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en gedagtes bewaar in Christus Jesus" (Fillipense 4:7).

Want Sy liefde maak ons vry, en deur die Heilige Gees beleef ons volkome vrede wat net Hy kan gee.

Mag ek en jy in hierdie Kerstyd Sy vrede vind, wat lei tot geloof, hoop en liefde.


**Annemarie Steyn (Ritmia-spanlid)**

ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 2

7 DESEMBER TOT 13 DESEMBER 2025




Kaart vanaf: www.biblicalarchaeology.org

JOU REISGENOOT DEBAT (DEEL 2):
**DIE BESTE PAD NA JERUSALEM**

## OOS DEUR DIE JORDAAN

*Die gewilde oostelike roete na Jerusalem is welbekend. Hierdie roete deur die Perea-gebied, is bekend vir gasvryheid van die Joodse gemeenskappe en word deur die meeste Nasareners verkies.*

*'n Groot kenmerk van die roete is die twee kruisings oor die Jordaanrivier, wat 'n ryke geskiedkundige betekenis het. Die roete kan tussen 5-7 dae neem, afhangende van fiksheid, haas en grootte van jou groep medereisigers.*

*Pelgrims beplan dikwels om by Beth Shean (Bet-San in Rigters 1:27, 1 Samuel 31:10-12, 1 Konings 4:12), Pella, Sukkoth (Genesis 33:17) en Jerigo (Joshua 6) te oornag.*

*Sommige reisigers kies om plek-plek langs die Jordaanrivier te kamp, en nie in dorpies oor te bly nie. Dit word egter net vir gesoute pelgrims en groter groepe aanbeveel, omdat daar dikwels wilde diere en bendes is.*

*Vir die laaste oornagplek tussen Jerigo en Jerusalem, word een van die besondere klein dorpies van Betfage (Matteus 21:1) of Betanië (Johannes 11:1) aanbeveel.*

*'n Paar Nasareners is tans besig om hul roetes vir die volkstelling te beplan. Sal hulle dit deur Samaria waag? Of gaan hul by die bekende bly? Josef, die bekwame plaaslike timmerman, het besluit om eers 37km oos na Kapernaum te reis, en daarvandaan saam met 'n groot groep reisigers die 160km na Jerusalem aan te pak. Hy wil nie kanse vat met sy geliefde Maria, wat volgens berigte swanger kan wees, saam met hom nie. Hul gaan daarna nog verder tot in Betlehem reis vir die volkstelling.*

*Volgende week gaan ons verder uitbrei op pelgrimswenke vir 'n tweedaagse reis van Jerigo tot Betlehem.*

### HOE OM JOU DONKIE TE PAK

*Jou donkie kan 20-30% van sy liggaamsgewig dra, afhangende van ouderdom, fiksheid en gesondheid. 'n Standaard donkie weeg sowat 160kg. Goedere moet gebalanseerd gepak word, aan weerskante van die donkie, met die swaarste pakkies in die middel.*

### OORWEEG 'N PELGRIMSTOG

*Doen 'n driedaagse pelgrimstog in jou voorvaders se voetspore, saam met 'n kundige gids:*

***Dag 1 en 2: Via die Jordaanrivier na die Beloofde Land***
*Die pelgrimstog begin by die plek waar die Israeliete gekamp het voordat hulle die Jordaan oorgesteek het na die Beloofde Land (Joshua 3 en 4).*
*Dag 2 kruis ons die Jordaanrivier.*

***Dag 3: Stap sewe keer om Jerigo***
*Stap simbolies sewe keer om Jerigo se nuwe stadsmure, in die voetspore van Joshua en die Israeliete (Joshua 6).*

*Registrasie by Jerigo se stadshek.*

## AKTUEEL: SABBAT OP 'N KLEIN BEGROTING

Die Sabbat is gemaak om te rus (Markus 2:23-28). Van sonsondergang op Vrydag tot sonsondergang op die sewende dag, Saterdag. Soms is dit moeilik om te rus as die stres van lewenskostes jou knou. Daarom word daar hierdie week 'n paar wenke gegee oor hoe om jou Sabbatsfees op 'n klein begroting te doen.

Hoewel die oornagbredie die onbetwiste hoogtepunt is, is 'n tradisionele Joodse Sabbatstafel volgepak met 'n hele paar kleiner vars disse, wyn, en seisoenale vrugte. 'n Tafel vol vis, vleise (nie vark nie!), brood en doopsouse, olywe, lensies, bone, vye, dadels, granate en wyn, is 'n fees wat min van ons weekliks kan bekostig.

Praktiese raad: hou dit eenvoudig. Gebruik wat jy het. En onthou waaroor die Sabbat werklik gaan. Vir oornagbredie (sodat jy nie werk op die Sabbat nie) kan jy lensies of kekerertjies as jou basis gebruik, en nie vleis nie. Vir jou tuisgemaakte brood kan jy gars, in plaas van koring gebruik. Dit is goedkoper en vrylik beskikbaar.

Laastens is dit 'n algemene aanvaarde besparingsgebruik om jou wyn af te water, sodat dit langer kan hou.

Ons het 'n paar plaaslike vroue uitgevra oor hulle kostebeparingsraad vir die Sabbatsfees: Rut: "Moenie skaam wees om te vra nie. As dit moeilik gaan, onthou dat daar altyd plek is om die Sabbatstafels van jou mede-gemeentelede."

Hanna: "Gebruik wat jy het, ruil van jou oeste met jou bure, en wees vrygewig in seisoene van min en van baie. Ons het reeds meer as wat ons besef! Moenie laat jou ego jou tafel dek nie."

Marta: "Onthou waaroor dit gaan. Wat om die Sabbatstafel tussen mense gebeur, is belangriker as die maaltyd. Dit gaan oor die saamwees en mekaar geniet. Dit het my lank gevat om dit te leer, maar hou die eerste ding, die eerste ding" (Lukas 10:38-42).

Mag jy opnuut leer feesvier, met wat jy het.

## WERKSWINKEL

Kom leer om jou eie papirus te maak.




## INTERNSKAP

Sebedeus, die meester-visserman, bied 'n spesiale internskap-geleentheid vir twee jong manne wat vissers wil word. Dit kan lei tot langtermyn loonarbeid by die See van Galilea. Hy sal Vrydag oggend in die Markplein wees, as jy belangstel. (Markus 1:19,20).

ADVENT WEEK 2

# Nasaret Nuus

7 DESEMBER TOT 13 DESEMBER 2025

## VRA VIR ELISABET:


**Liewe Elisabet**
Met al die nuus en gesels oor die sensus, is ek opnuut bewus van die gevoel binne my dat ek nêrens hoort nie. Hoe meer ek hoor: ‘’word getel’’, hoe meer hoor ek net ‘n stem sê: ‘’Jou lewe tel nie regtig nie. Jy sal nie gemis word nie”. Help asseblief.

---

*Liewe Leser*
*Baie dankie vir jou opregte brief en vir jou vraag. Ek wil begin deur jou gerus te stel dat jy nie alleen is in jou soeke om te behoort nie. Dit is een van die diep begeertes waarmee God ons geskep het: om te ken en geken te word. Dit is die kompas wat ons na God toe lei. Die teoloog Augustinus van Hippo het gebid: "O Heer, U het ons vir Uself gemaak, en ons harte is rusteloos tot ons by U rus vind.”*

*Ek weet jy ervaar ‘n tyd van worsteling en ek wil jou aanmoedig om aan te hou soek! Ons gedagtes kan soms ‘n draaikolk maak wat ons ondertoe trek, so daarom wil ek voorstel dat jy ’n daaglikse gebedsjoernaal gebruik. Begin deur bewus te raak van God se liefdevolle teenwoordigheid, en skryf dan jou rou gedagtes neer. Vra vir God om jou te help met hierdie worsteling. Vra elke dag. En sit dan ook jou oor op God se hart en luister. Probeer dit vir ‘n week.*

*Daar is soms teenstrydige stemme in ons gedagtes. Hoe weet ek of dit ek self, God of die vyand is? Die beste hoe ek dit kan verduidelik is dat God se stem ons oopmaak, en vryer maak. Die vyand se stem maak ons klein, bang en toe. Wie se stem is dit wat sê jy tel nie? Hou aan uitreik. Ek sien jou.*



## FAMILIE BLOKRAAI

1. Boas se pa (ook ‘n tipe vis in Engels)
2. Plek waar Sabbatdiens gebeur het
3. Die naam van Sagaria en Elisabet se seun
4. Die papier wat in Jesus se tyd gebruik is
5. Bekende visserman van die See van Galilea
6. Tipe dier wat te koop is in die koerant
7. Naam vir God wat Sagaria gebruik in sy lied
8. Iets wat tipies gedurende Sabbat geëet is
9. ‘n Dorp wes van Jerusalem
10. Hoeveelheid dae na geboorte wat Joodse seun besny moes word.




## KOMPETISIE TYD

Stuur ‘n foto van jou ingevulde blokkiesraaisel aan info@ritmia.org.za Stuur asseblief ook jou kontaknommer en ‘n klein stukkie terugvoer oor jou belewenis van die koerant: Wat is jou gunsteling artikel tot dusver? Ons gaan aan die einde van week ‘n trekking hou vir ‘n gelukkige wenner wat ‘n lekker prys sal ontvang!

## WONDER SAAM:

**Gespreksvrae vir jou en jou geliefdes:**

Watter artikel het met jou gesels? Wat is van die goed waarvoor jy al lank wag? Waar het jy al beleef hoe skinderstories vernietiging kan saai? Wat is jou prentjie van vrede? Watter historiesie feite in die koerant is vir jou interessant? Ken jy jou familieg-eskiedenis? Hoe gaan dit met jou gewoonte om ‘n weeklikse Sabbat te neem? Waar/wanneer voel jy dat jy behoort? Wat het jy van God se hart raakgesien?

Hierdie koerant word gratis versprei deur Ritmia Gemeente (in vennootskap met ander gemeentes) www.ritmia.org.za
Dit is geskryf deur Adri-Marié van Heerden www.tendingthefire.co.za
Bronne wat dikwels gebruik is vir konteksnavorsing: www.bibleproject.com, www.bybelkennis.co.za, ESV Bible Atlas, www.biblearchaeology.org, NIV Study bible.
Indien jy graag hierdie skryfprojek, en die verspreiding daarvan, finansieel wil ondersteun, maak gerus ‘n bydrae:
Ritmia Gemeente, ABSA Tjek 409 504 9500 en gebruik die verwysing: KOERANT

## NUWE MUSIEK

**Hierdie week word ‘n nuwe lied vrygestel wat vanuit besondere unieke omstandighede gebore is. Die priester Sagaria, wat vir maande stom was, het hierdie lied spontaan hardop begin sing toe sy seun, Johannes, besny is. Ons weet hierdie lied gaan ‘n treffer wees! Dit roer die hartsnare wanneer ’n ouer vir God en sy kind sing (Lukas 1:68-79).**

*“Lofwaardig is die Here, die God van Israel,*
*want Hy het omgesien na sy volk*
*en hulle bevryding bewerkstellig.*
*'n Kragtige verlossing het Hy vir ons bewerk*
*uit die nageslag van Dawid, sy dienskneg,*
*soos Hy reeds lank gelede*
*by monde van sy heilige profete beloof het –*
*verlossing van ons vyande*
*en uit die hand van almal wat ons haat.*
*Dit het Hy gedoen om ontferming aan ons voorvaders te bewys*
*en sy heilige verbond in gedagte te hou,*
*die eed wat Hy teenoor ons vader Abraham gesweer het, sodat ons,*
*gered uit die hand van ons vyande,*
*Hom sonder vrees sou dien,*
*en al ons dae voor Hom*
*in heiligheid en geregtigheid kan leef.*

*En jy, kindjie, profeet van die Allerhoogste*
*sal jy genoem word,*
*want jy sal voor die Here uitloop*
*om sy paaie gereed te maak,*
*en om sy volk in te lig dat hulle verlos kan word*
*deur die vergewing van hulle sondes,*
*danksy ons God se innige ontferming,*
*waardeur die môreson uit die hoogte oor ons sal opkom,*
*om te skyn oor diegene wat hulle in die duisternis*
*en in die skadu van die dood bevind,*
*en om ons voete op die pad van vrede te plaas.”*

**MAG JOU STEM OOK PRYSLIEDERE SING!**

***ADVENT UITGAWE***

ADVENT WEEK 3

# Nasaret Nuus

14 DESEMBER TOT 20 DESEMBER 2025

# VREEMDE STER VERSKYN!

## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Welkom by die derde uitgawe van Nasaret Nuus, **Ritmia Gemeente** se Advent-koerant.

Advent is die voorbereidingseisoen vir Kersfees. Die woord Advent beteken afwagting. Dit begin op die vierde Sondag voor Kersfees. Elke week het 'n spesifieke tema: hoop, vreugde, vrede, en liefde. Daar is dus vier uitgawes van hierdie koerant.

Ons hart is om Advent vanjaar ekstra pret te maak, deur die welbekende verhale in storie- en koerantvorm te skryf. Ons hoop om ekstra kleur aan die konteks van Christus se geboorte te bring, sodat ons harte sal oop wees om die wonder van Jesus se menswording nóg dieper saam te kan vier. Hierdie koerant kan sommer net as leesstof geniet word, daagliks as persoonlike Bybelstudie gebruik word, of saam deur gesinne gelees en bespreek word (sien bl.4 vir vrae om saam oor te wonder).

Die artikels is meestal vanuit die oogpunt van 'n Joodse persoon geskryf - wat in Jesus se tyd in Nasaret sou gewoon het. Ek skryf met die gebruik van humor en kreatiwiteit, maar bly ook so getrou as moontlik aan die Skrifteks. Noukeurige navorsing is gedoen oor die konteks van die verhale, maar daar is altyd plek om meer te leer! Laat weet gerus indien jy ander interessanthede deur jou eie reis ontdek.

Vir daaglikse tyd saam met God: kies 'n artikel en lees dit stadig deur. Lees dan die tekste waarna verwys word twee keer stadig deur. Met die gebruik van jou joernaal, gesels met God oor die volgende vrae: Wat roer binne my? Watter woord/frase staan vir my uit? Wat hoor ek van God se karakter en hart?

Hierdie week se daaglikse gebedsfokus is 'n frase uit een van die pelgrimpsalms (Psalm 134:1,2): "Hef julle hande in gebed op na die heiligdom en prys die Here!"

Geniet dit, en mag God nuwe dinge aan jou openbaar – veral nuwe dieptes van vreugde.

**Adri-Marié**

## LOK STERREKYKERS UIT OOSTE WAT VRA OOR KONING VAN JODE

*Jerusalem is in rep en roer nadat sterrekykers uit die ooste daar aangekom en gevra het om die nuutgebore koning van die Jode te ontmoet. Hulle het glo al die pad van die ooste gereis omdat hulle 'n baie spesiale ster gesien het, en aan die nuwe koning wou hulde bring (Matteus 2:1-9).*

*Hulle versoek het groot konsternasie veroorsaak, aangesien daar geen aanduiding is dat koning Herodes 'n nuwe babaseun verwag nie. Herodes is deur Keiser Augustus en die Romeinse Ryk as koning van Judea aangewys, en omdat Judea oorwegend Joodse inwoners het, staan hy bekend as Koning van die Jode (Lukas 1:5). Herodes se seuns is reeds jong manne, en die versoek om 'n nuutgebore koning te sien is nie goed op straat of in die paleis ontvang nie.*

*In sommige kringe word gevra hoe lank Herodes sy titel as koning van die Jode nog kan behou. (Matteus 27:37)*

*Die sterrekykers kon nie opgespoor word vir meer direkte inligting oor die kwessie nie, maar daar is vele bespiegelinge oor die misterieuse besoekers. Van die skinderbronne op straat sê dat hulle etlike maande reeds reis, moontlik van sover as Babilonië of Persië! Ooggetuies beweer verder dat hulle kamele swaar gepak was met skatte, en dat hulle van naby beslis mirre en wierook kon ruik.*

*In gemeenskapskringe is daar groot besprekings oor hoe sterrekunde werk en hoe geleerdes byvoorbeeld die tekens interpreteer om 'n ster te volg. Daar word beweer dat die sogenaamde wyse besoekers ook Raadgewers aan konings in die Ooste is.*

*Inwoners van Jerusalem kry sedertdien minder slaap as gewoonlik namate hulle wakkerbly om die vreemde ster te soek. Geen Skrifgeleerde wou kommentaar lewer oor die moontlikheid dat dit die gebeurtenis kan wees waarvan die profeet Jesaja geskryf het nie (Jesaja 60:6).*

***Lees meer op bl.3***



*lees op bl.3*

*VERVOERSAKE:* Oorweeg jy dit om jou werks- en reiservarings op te gradeer deur 'n donkie te koop? Ons gee raad.

***Lees meer op bl.2***

*JOU REISGENOOT:* Wenke vir pelgrims Jerigo na Betlehem in twee dae


***Lees meer op bl.3***

ADVENT UITGAWE

ADVENT WEEK 3

# Nasaret Nuus

14 DESEMBER TOT 20 DESEMBER 2025



# KONING HERODES ONTMOET STERREKYKERS IN GEHEIM

*‘n Anonieme bron in die paleis van koning Herodes het aan Nasaret Nuus bekend gemaak dat die koning die volk se skrifgeleerdes en priesterhoofde saamgeroep het, om uit te vind of hulle enige inligting het rondom die koms van ‘n “nuwe” koning.*

*Die godsdienstige leiers het die profeet Miga aangehaal (Miga 5), en reken dat die geboorte van die Messias na alle waarskynlik in Betlehem sal plaasvind.*

*Volgens die bron het die koning glo daarna ‘n geheime ontmoeting met die sterrekykers uit die Ooste gereël, waar hy hulle “behoorlik met vrae gepeper het”. Hy wou onder meer weet wanneer hulle die ster vir die eerste keer gesien en begin volg het (Matteus 2:3-8). Hy het ook ‘n beroep op hulle gedoen om “namens hom” vas te stel of die kindjie wel in Betlehem te vinde is, aangesien hy ook aan hom “wil eer bring”.*

*Die koning het streng opdrag gegee dat hy op hoogte gehou moet word van enige verwikkelinge.*


*Dit wil voorkom asof die sterrekykers manne van min woorde is; hulle het glo kort daarna na Betlehem vertrek.*

*Dit is onduidelik of Herodes se bedoelig opreg is, maar ‘n bron in die paleis meen dat die koning nog nie weer ‘n oog toegemaak het na hierdie geheimsinnige vergadering nie.*

## VERVOERSAKE: MOET EK VIR ‘N DONKIE SPAAR?

**Is jy gereed om jou vervoermiddel op te gradeer? Hier is ‘n paar interessante feite wat jou kan help met jou besluit:**

- Donkies kan baie goed ruik, selfs tot op ‘n afstand van 10km! Hulle is baie slim en goed met risiko-ontleding. Hulle hardloop nie dadelik weg soos perde nie, maar wag eers en evalueer die bedreiging. Dit laat hul soms dom of hardkoppig voorkom, maar hulle intelligensie sal jou verras!
- Donkies het ‘n baie goeie geheue en sal plekke en mense vir jare lank onthou! Hulle kommunikeer slegs deur te balk - al is daar legendes dat hulle soms praat (Numeri 22: 21-39). Een balk kan vir 20 sekondes aanhou en kan tot 3km ver gehoor word.
- Donkies se lang ore lyk nie net oulik nie, dit reguleer die liggaamstemperatuur. Hulle is gebou om te hou en kan in bloedige hitte, met min water oorleef.
- Donkies is bekend daarvoor dat hulle hul eienaars en ander diere beskerm. Hulle herinner mens daaraan om ‘n lewe van diensbaarheid, getrouheid en nederigheid te leef (Sagaria 9:9, Lukas 19:28-44).



**‘n Donkie is sowaar ‘n wonderlike ding!**

Kontak Ons-Koop-Donkies indien jy belangstel om in ‘n donkie te belê. Jy sal nie spyt wees nie! ‘n Standaard donkie kos sowat 125 denarius (125 dae se daglone).

## DIE RABBI RUBRIEK

**VREDE - in Hom**

Vreugde is meer as net ’n glimlag of ’n goeie gevoel. Dit is ’n lig wat bly brand, selfs wanneer die wêreld donker is.

Toe die engele in die nag aan die skaapwagters verskyn, het hulle gesê: *“Moenie bang wees nie. Kyk, ek bring vir julle ‘n goeie boodskap wat vir die hele volk ‘n bron van groot vreugde sal wees: Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here.” Lukas 2: 10-11 (AFR20).*
Let op: nie groot gemak of groot sukses nie maar groot vreugde.

Vreugde is die bewussyn dat God nog steeds naby en teenwoordig is. Dat selfs in ’n stal, tussen die reuk van hooi en die stilte van die nag, God teenwoordig is en iets heiligs doen.

Ons verwar dikwels vreugde met geluk. Geluk hang af van omstandighede en dit is tydelik, vreugde hang af van Christus. Geluk kom en gaan, vreugde hou vas, want dit spruit uit ’n verhouding en nie uit omstandighede nie.


Advent nooi ons om weer te kyk en om te sien dat daar, te midde van die ‘chaos’ en onsekerheid, steeds ’n Redder vir ons gebore is wat vrede bring. In Hom is daar ‘n vreugde wat nie stilgemaak kan word nie.

Miskien voel jou lewe nie nou vol vreugde nie. Dis okay. Kyk net op. Vreugde word nie gevind deur alles reg te kry of dat alles om jou in orde is nie, maar deur weer te ontdek Wie in jou teenwoordigheid is.

Mag hierdie Advent jou herinner: Ware vreugde lê in Hom en Hy is genoeg.

**Darius van der Schyf (Ritmia-spanlid)**

OULIKE BETLEHEM-HERBERG BESKIKBAAR -
2 denarius per nag



**Kamer, stalplek en hooi vir diere ingesluit.
Bespreek so gou moontlik - plek beperk
Kontak Dawid**

ADVENT UITGAWE

ADVENT WEEK 3

# Nasaret Nuus

14 DESEMBER TOT 20 DESEMBER 2025

JOU REISGENOOT

## JERIGO NA BETLEHEM IN 2 DAE


### DAG 1: JERIGO NA JERUSALEM

*Die woestynpad tussen Jerigo en Jerusalem is berug onder feesgangers, reishandelaars en soldate. Die stofpad by Jerigo begin 250m onder seevlak in die Dooie See vallei, en reisigers klim tot sowat 780m bo seevlak voor hulle by Jerusalem aankom!*

*Jerigo, is 'n ekonomiese deurgangspoort vir handelaars, wat beteken dat daar heelwat bedelaars om die stad is (Lukas18:35-43). Hou jou tolgeld gereed vir die begin van jou reis (Luk.19:1-10).*

*Vertrek douvoordag uit Jerigo, aangesien mens die dag deur verlate, dor en warm streke beweeg. Soos wat jy verder van die stad af beweeg, raak die voetpaaie nouer, dus is sterk sandale en genoeg water en kos ononderhandelbaar. Wees paraat wanneer die bergagtige terrein begin, want daar is heelwat grotte met wegkruipplek vir rowerbendes (Lukas 10:25-37). Om moed te hou, stel ons voor jy sing 'n paar pelgrimpsalms (120-134) tydens die styl klim deur die rooiklip bergterrein.*

*Oorweeg om jou eerste aand in die gasvrye dorpie, Betanië (Johannes 11 en 12), oor te slaap. Die dorpie is 3,2km suid-oos van Jerusalem, aan die helling van die Olyfberg (Lukas 21:37 en Lukas 22:39-46). 'n Oase na die lang woestyntog.*





### DAG 2: JERUSALEM NA BETLEHEM

*Die tweede dag is korter deur 'n soortgelyke terrein, maar darem nie so styl nie. Begin die dag deur rustig deur Jerusalem te stap en die historiese stad te geniet. By die suidelike stadshek, volg jy die suid-westelike voetpad.*

*Die ongelyke op-en-af voetpad is vol rotse, los klippe en skape, so wees voorbereid om genoeg ondersteuning te bied aan swanger vroue of bejaardes. Die 10km vat gewoonlik langer as wat die meeste mense voorsien.*

*Betlehem beteken "Huis van Brood" (Johannes 6:32-35). Al word hierdie klein dorpie soms as onbeduidend gesien, sal die sowat 200 permanente inwoners jou spoedig vertel dat Betlehem die geboortedorp van Koning Dawid is (1 Samuel 17:12).*

*Akkomodasie is beperk, so probeer uitvra of vriende of familie iemand ken by wie jy kan tuisgaan.*

### REISWENKE VIR SWANGER MAMMAS

***Leen 'n donkie***
*Dit is nie elke familie wat 'n donkie kan bekostig nie, so indien jy nie een het nie, leen een om jou te dra wanneer jou opgeswelde voete en seer rug nie meer kan nie.*

***Vat 'n familielid en/of vroedvrou saam***
*Ondersteuning word benodig vir daaglikse verantwoordelik-hede soos broodbak. 'n Vroedvrou bied gemoedsrus indien die kraamproses tydens jou reis begin.*

### DIE AFSTAND

**Jerigo tot Jerusalem:** 29km

**Jerusalem tot Betlehem:** 10km

## AKTUEEL: HET JY GEWEET?

Jerigo is die oudste bewoonde stad in die wêreld en dateer uit 12000 v.C. Dit is ook die stad wat die laagste onder seevlak is. (250m onder seevlak).

Jesus (of Yeshua / Joshua), was 'n baie algemene naam in Josef en Maria se tyd. Dit beteken: ''Yahweh red" of "Die Here red".

Die maksimum lengte van 'n papirus rol (waarop die Skrifte geskryf is), was 10 meter.

Kamele word sonder boggels gebore. Volwasse kamele is baie vinnig en kan tot 64km/uur hardloop.




'n Kameel se boggel is gevul met vet, en nie water nie. Hul kan vir weke aaneen sonder water en kos oorleef, omdat hierdie vet in water en voeding omskep kan word. Kamele kan tot 100 liter water in 10 minute drink.

Kamele het drie ooglede op elke oog. Twee gewones en een deursigtige ooglid - 'n ingeboude veiligheidsbril in sandstorms. Hulle het twee rye wimpers om die sand weg te knip en kan ook hul neusgate toemaak om die sand uit te hou.

Miere rus deur 250 kragslapies (power naps) 'n dag te vat. So bly 80% van die kolonie altyd produktief aan die gang.


### DOOIE SEE PRODUKTE

**Wonderlike kosmetiese en velsorg produkte wat minerale, sout en klei uit die Dooie See bevat.**



Beveg veroudering
Kuur vir velsiektes
Anti-inflammasie
Hou vel sag en soepel.

**Kom toets gerus self die produkte by die mark**





### SAMUEL SE SANDALE

**Nuut of regmaak Hersool of inruil**

Gebruik slegs kwaliteit leer. Ons maak reg terwyl jy wag. Daagliks in die markplein

ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 3

14 DESEMBER TOT 20 DESEMBER 2025

## VRA VIR ELISABET:

**Liewe Elisabet**
Ek weet nie hoe om te rus nie. Elke jaar sien ek so uit na vakansietyd, maar dan weet ek nie wat om met myself te doen nie. Voor ek myself kry, pak ek die huis reg of sit ek net vir ure aaneen en niks doen nie. Wat my pla, is dat ek nooit daarna uitgerus voel nie. Het jy raad?

*Liewe Leser*
*Ek is dankbaar vir jou vraag, want dit is ‘n algemene probleem en ‘n kuns wat ons elkeen kan aanleer.*

*Ons lewe in ‘n tyd waar ons van onsself, en ander, verwag om ‘’always on’’ te wees. Wanneer ons onthou dat ons self ‘n natuurskepsel is, en nie ‘n masjien nie, kan ons na die res van God se skepping kyk vir wysheid: daar is sonop en sononder, plant- en oesseisoene, diere wat langer slaap in die winter, ens. ‘n Sleutel tot rus lê dus in die natuur, om jouself met natuur te omring, en genoeg te slaap.*

*Rus het ‘n paar ander bestanddele: speel, versorging, voeding, konneksie met God en geliefdes, beweging, stokperdjies en goeie werksgrense: om nie altyd beskikbaar te wees nie.*

*Die kuns van goeie rus begin al gedurende die jaar by goeie slaap en Sabbatgewoontes. Refleksievrae: Watter aktiwiteite lyk soos rus, maar laat my nie uitgerus voel nie? Watter aktiwiteite en mense laat my lig voel? Watter gedagtes/dinge weerhou my om te rus? Wat laat my ontspan? Wat laat my afskakel?*

## OPDRAANDE MUSIEK

**Baie Nasareners gaan in die volgende ruk reis om te registreer vir die sensus. Daarom het ons dit goedgedink om van die lirieke uit die bekende pelgrimsliedere (Psalm 120-134) aan te haal. Hierdie liedere word tradisioneel gesing om moed te gee vir die styl opdraande na Jerusalem. Mag dit ekstra vreugde bring tydens die lang stofpad. Lekker sing!**


*Psalm 121:1-3*
*Ek kyk op na die berge:*
*waarvandaan sal daar vir my hulp kom?*
*My hulp kom van die Here*
*wat hemel en aarde gemaak het.*
*Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;*
*Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.*

*Psalm 123:3*
*Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons,*
*want ons het meer as genoeg veragting gehad*

*Psalm 125:1,2*
*Dié wat op die Here vertrou,*
*is soos Sionsberg wat nie wankel nie*
*en altyd vas bly staan.*
*soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm,*
*so beskerm die Here sy volk, nou en vir altyd.*

*Psalm 127:1*
*As die Here die huis nie bou nie,*
*swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs.*

*Psalm 134:1,2*
*Kom, prys die Here, julle almal wat Hom dien,*
*julle wat in die nag in die tempel van die Here staan!*
*Hef julle hande in gebed op na die heiligdom*
*en prys die Here!*





## *FAMILIE BLOKRAAI*

1. Kamele hou dit toe in sandstorms
2. Dorpie net buite Jerusalem
3. Persoon wat help met geboortes
4. Titel van persone uit die ooste in Kersverhaal
5. Afrikaanse woord vir ‘power nap’
6. Tipe Psalm gesing oppad na Jerusalem
7. Afstand in kilometer wat ‘n donkie kan ruik
8. Laagste stad onder seevlak
9. Profeet wat Jesus se geboorteplek voorspel
10. Geboorteplek van Koning Dawid

## KOMPETISIE TYD

Stuur ‘n foto van jou ingevulde blokkiesraaisel aan info@ritmia.org.za
Stuur asseblief ook jou kontaknommer en ‘n klein stukkie terugvoer oor jou belewenis van die koerant:
Wat is jou gunsteling artikel tot dusver?
Ons gaan aan die einde van week ‘n trekking hou vir ‘n gelukkige wenner wat ‘n lekker prys sal ontvang!




## WONDER SAAM:

**Gespreksvrae vir jou en jou geliefdes:**

Watter artikel het met jou gesels? Wat is van jou eie ‘’opdraande liedere” of musiek waarna jy graag luister/sing? Wat help jou om te rus? Wat het jy geleer oor die konteks van Jesus se geboorte wat vir jou interessant is? Wat maak jou hart bly? Hoe sal jy vreugde beskryf? Wat het jy van God se hart raakgesien?

Hierdie koerant word gratis versprei deur Ritmia Gemeente (in vennootskap met ander gemeentes) www.ritmia.org.za
Dit is geskryf deur Adri-Marié van Heerden
www.tendingthefire.co.za
Bronne wat dikwels gebruik is vir konteksnavorsing: www.bibleproject.com, www.bybelkennis.co.za, ESV Bible Atlas, www.biblearchaeology.org, NIV Study bible.
Indien jy graag hierdie skryfprojek, en die verspreiding daarvan, finansieel wil ondersteun, maak gerus ‘n bydrae:
Ritmia Gemeente, ABSA Tjek 409 504 9500 en gebruik die verwysing: KOERANT

ADVENT UITGAWE

# Nasaret Nuus

ADVENT
WEEK 4

21 DESEMBER TOT
25 DESEMBER 2025

# VOERBAK WORD WIEGIE!

## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Welkom by die vierde uitgawe van Nasaret Nuus, **Ritmia Gemeente** se Advent-koerant.

Advent is die voorbereidingseisoen vir Kersfees. Die woord Advent beteken afwagting. Dit begin op die vierde Sondag voor Kersfees. Elke week het 'n spesifieke tema: hoop, vreugde, vrede, en liefde. Daar is dus vier uitgawes van hierdie koerant.

Ons hart is om Advent vanjaar ekstra pret te maak, deur die welbekende verhale in storie- en koerantvorm te skryf. Ons hoop om ekstra kleur aan die konteks van Christus se geboorte te bring, sodat ons harte sal oop wees om die wonder van Jesus se menswording nóg dieper saam te kan vier. Hierdie koerant kan sommer net as leesstof geniet word, daagliks as persoonlike Bybelstudie gebruik word, of saam deur gesinne gelees en bespreek word (sien bl.4 vir vrae om saam oor te wonder).

Die artikels is meestal vanuit die oogpunt van 'n Joodse persoon geskryf - wat in Jesus se tyd in Nasaret sou gewoon het. Ek skryf met die gebruik van humor en kreatiwiteit, maar bly ook so getrou as moontlik aan die Skrifteks. Noukeurige navorsing is gedoen oor die konteks van die verhale, maar daar is altyd plek om meer te leer! Laat weet gerus indien jy ander interessanthede deur jou eie reis ontdek.

Vir daaglikse tyd saam met God: kies 'n artikel en lees dit stadig deur. Lees dan die tekste waarna verwys word twee keer stadig deur. Met die gebruik van jou joernaal, gesels met God oor die volgende vrae: Wat roer binne my? Watter woord/frase staan vir my uit? Wat hoor ek van God se karakter en hart?

Hierdie week bid ons met dankbaarheid Jesaja 9:5 **"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."**

Geniet dit, en mag God nuwe dinge aan jou openbaar – veral nuwe dieptes van liefde.

**Adri-Marié**

## *Herberglose Maria en Josef verwelkom baba seuntjie in ongewone omstandighede*



*Familielede van Maria het met groot opgewondenheid die blye tyding bevestig dat Maria se kind gebore is.*

*Ma en baba is gesond, ten spyte daarvan dat die bevalling ietwat ongewoon was. Volgens die familie het Maria en Josef pas in Betlehem aangekom vir die volkstelling, toe haar kraamkrampe begin het. Josef het verwoed by elke herberg en verlangse familie gaan aanklop, maar daar was geen slaapplek of gastekwartiere beskikbaar nie (Lukas 2:1-7).*

*Uiteindelik het 'n gawe kennis vir hulle 'n plek in sy stal aangebied - agter die huis op die onderste verdieping.*

*Dit was waarskynlik nie Maria se droom om haar eersteling in 'n diereskuiling te ontvang nie, maar familie sê dat sy "straal van vreugde". Met die bystand van 'n paar vroedvroue, is die babaseuntjie gebore. Maria het hom in verwondering saggies vasgehou, styf toegedraai in doeke, en toe in 'n skoongemaakte voerbak, of krip, neergelê.*

*Dit wil voorkom of die lang en moeilike reis van Nasaret tot Betlehem, dalk die geboorte aangebring het. Josef het onmiddelik aan sy seun die naam Jesus gegee (Matteus 1:20-25).*

*Familielede was by navraag verras dat Josef nie sy seun na homself of 'n bekende voorouer vernoem het nie, maar eerder 'n algemene naam soos Jesus verkies (ook Yeshua/Joshua). Dit beteken "Die Here red".*

*Die nuwe ouers was behoorlik uitgeput. Terwyl Maria gerus het, het Josef die stal opgeruim, en vir 'n lang ruk net by die klipwiegie gestaan en oor en oor gefluister: "Immanuel", wat volgens taalkenners "God met ons" beteken. (Jesaja 7:14)*

*Inwoners van Betlehem kan nie uitgepraat raak oor die groot aantal besoekers aan die ouerpaar, onder wie 'n diverse groep mense uit verskillende omgewings (Lukas2:15-19, Matteus2:9-11). Die gesin is ook oorrompel met geskenke!*

*Dit is onseker hoe lank hulle nog in Betlehem sal aanbly. Na Jesus se besnydenis sal sy ouers hom in Jerusalem aan God toewy (Lukas 2:21-24). Intussen berei naasbestaandes voor om hulle weldra in Nasaret terug te verwelkom.*

## *WOEDE UITBARSTING IN PALEIS:*
Is daar rede tot kommer?

*Lees meer op bl.2*



## SENSUS BYNA VERBY

Na weke van vêr reis en in lang rye staan om getel te word, is die inwoners van Nasaret amper almal weer tuis.
Die meeste mense se terugvoer is dat Rome se administrasie steeds baie georganiseerd is en dat die volkstelling redelik glad verloop het. Dit blyk wel of swaarder belastingstariewe die uiteinde van die sensus gaan wees.

*ADVENT UITGAWE*

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 4

21 DESEMBER TOT 25 DESEMBER 2025

## KONING HERODES HEWIG ONTSTELD!

*Herodes blyk fisiek en verstandelik broos te wees, wat in skerp teenstelling is met die puik politieke strateeg wat hy in sy jong dae was.*

*Ondanks sy uitspattige eiendomsportefeulje met tientalle paleise, blyk hy geen berusting in sy sukses te vind nie. Die aansien wat hy verdien het deur die Tempel in Jerusalem te herbou, is deur die jare verwater in die bloedspoor wat hy agtergelaat het. "Soveel mag, en steeds onseker in homself," het 'n anonieme bron gesê.*



*Herodes se seuns verny hom ook tans uit vrees dat hulle in onguns kan verval. Hulle is glo bewus daarvan dat hulle eie tyd om te regeer moontlik nader kom. Dit wil voorkom of veral Antipas (Lukas 3:1, Markus 6:14-29, Lukas 9:7-9) en Argelaos (Matteus 2:22) gereed is om te heers. Ontleders waarsku egter dat in hulle geval, die appel nie ver van die boom af val nie.*

*'n Bron in die paleis rapporteer dat Koning Herodes tans 'n skrikbewind voer.*

*Dit volg nadat sy spioene aan hom bevestig het dat die sterrekykers sedert hulle besoek aan Betlehem heeltemal verdwyn het, en hulle geen meer kontak met die groep het nie. Die koning het hulle vroeër agter geslote deure versoek om vir hom nuus te bring oor die pasgebore kind en vermeende Messias. Die vermoede is dat iemand die wyse reisigers uit die ooste teen die koning gewaarsku het (Matteus 2:12).*

*Koning Herodes sukkel al vir jare met paranoia. Hy het al voorheen sy een vrou en drie van sy seuns laat vermoor, omdat hy hulle van 'n staatsgreep verdink het. Bronne sê die huidige situasie in die paleisgange is gespanne, en daar heers 'n angstige stilte in afwagting op die koning se volgende optrede. Volgens 'n slaaf het die koning tydens 'n gesprek na massa kindermoord verwys. Die inligting kon nog nie afhanklik bevestig word nie (Matteus 2:13-18).*


## SKAPE HERDERLOOS IN VELD GEVIND

*In 'n vreemde verloop van sake is 'n paar kuddes skape, net buite Betlehem, vir ure herderloos gelaat (Lukas. 2:8-20). Die skaapwagters, wat gewoonlik in die oop veld slaap om die skape op te pas, was volgens berigte nêrens te vinde nie. Toe hulle uiteindelik opgedaag het, het omstanders ervaar dat hulle nie bekommerd gelyk het nie, maar eerder "geborrel" het van vreugde.*

*Toe hul uitgevra is oor waarom hulle dit sou waag om hul kuddes weerloos te laat, het hulle geantwoord dat hulle 'n "hemelse afspraak met die Messias" gehad het.*

*Dit is nie duidelik of hierdie herders dalk te veel vars lug ingeasem het, of dalk per ongeluk 'n vreemde bossie geëet het nie, maar hulle het ook gepraat van engele wat gesing het.*

*Die plaaslike owerheid het bevestig dat geen skaap weggeraak het, of is beseer is, in die tyd wat die herders weg was nie. 'n Verteenwoordiger van die skaapwagters het benadruk dat die skape hulle stem ken, en dat hul steeds goeie herders is (Johannes 10:1-18).*



## DIE RABBI RUBRIEK

**LIEFDE**

Hierdie tyd van die jaar is 'n tyd van wag en verwagting - maar ook van groei in liefde. Dit is ook n tyd van die jaar waar liefde, of die gebrek daaraan, baie harder weerklink in ons harte as ander kere.

Hierdie week kyk ons na die diepste kern van God se hart: Sy liefde vir die wêreld, vir óns. Die Woord sê: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..." (Johannes 3:16). Kersfees is dus nie net die storie van 'n kind in 'n krip nie, maar van 'n God wat so liefhet, dat Hy self mens geword het om naby ons te wees.

Die storie is vir baie bekend, maar dit mág nooit en kán nooit net gewoon raak nie. 'n Verlosser is vir ons gebore! Dit was die liefde van 'n Hemelse Vader, wat nie net liefde gee nie, maar wat liefde is, wat my en jou totaal en al, vir ewig, kom verander het.

Liefde is die verskil, en was nog altyd. Dit is eenvoudig, maar oneindig diep. In hierdie tyd word ons daaraan herinner dat liefde die doel en bron van elke ander geskenk is - hoop, vrede en vreugde vloei almal daaruit voort.

In Jesus sien ons liefde in aksie: 'n liefde wat dien, vergewe, luister en gee. 'n Liefde wat nie wag vir volmaaktheid nie, maar kom sit langs die gebrokenes; gewone mense, soos ek en jy. Dis dieselfde liefde wat ons elke dag nooi om dit uit te leef: in geduld, in vriendelikheid, in genade teenoor ander. Hierdie tyd van die jaar, rondom geliefdes en selfs vreemdelinge, doen liefde dit aan ons. Dit laat ons met sagter oë, geduldiger ore, en 'n liefdevolle hart, na ander kyk.

Soos Maria "ja" gesê het vir God se plan (Lukas 1:38), sê ons hierdie week "ja" vir liefde. Ja om te gee waar dit moeilik is, om te vertrou waar daar pyn en vrae is, en om te glo dat liefde altyd sterker is as vrees.

Mag hierdie tyd jou herinner: God is liefde – en dié liefde woon nou in jou.


**Darius Prinsloo (Ritmia-spanlid)**

ADVENT UITGAWE

ADVENT WEEK 4

# Nasaret Nuus

21 DESEMBER TOT 25 DESEMBER 2025




JOU REISGENOOT

# BETLEHEM NA EGIPTE

*Daar is 'n groeiende neiging onder Jode om die streek van Judea vir Egipte te verlaat. Egipte is ook deel van die Romeinse Ryk en val direk onder Keiser Augustus wat groter stabiliteit bied (Matteus 2:13-18). Talle tradisionele Jode sal egter nooit hulle voete in Egipte sit nadat Israel vir 430 jaar daar in slawerny aangehou is nie (Eksodus 12:40). Vir die jonger geslag is daardie geskiedenis soms nie meer so gewigtig nie.*

*Egipte is bekend vir innoverende vooruitgang in vakgebiede soos ingenieurswese, medisyne en wiskunde. Heelwat Jode het hulle in Alexandrië gevestig waar hulle meestal vreedsaam leef, maar met tye koppe stamp met die Egiptenare en die Grieke.*

*Die klipperige pad tussen Betlehem en Egipte kan lank en gevaarlik wees, en dit is veiliger langs die bekende handelsroetes. Die weg van die See is korter, maar terselfdertyd gevaarliker. Daarteenoor is die weg van Shur veiliger, maar dit strek deur 'n lang en dor woestyn (veral nie ideaal vir vroue en kinders nie). Beplan vir minstens 'n week se reistyd.*

*Weens die aanloklikheid van die vooruitgang in Egipte is daar heelwat buitelanders in die land, en kinders word in 'n tweetalige omgewing opgevoed. Die meeste Joodse kinders praat Aramees tuis en met mekaar, en soms Grieks in die strate.*

## TALE VAN DIE OMGEWING

***Hebreeus***
*Die taal van antieke Israel en dus die godsdienstige taal waarin Joodse Skrifte geskryf en bestudeer is (Die boeke van die Ou Testament).*

***Aramees***
*Die algemene taal wat in Judea en Galilea gebruik is. Moontlik in ballingskap aangeleer (Markus 5:41, Markus 7:34, Markus 15:34).*

***Grieks***
*Algemene handelstaal van die Romeinse Ryk (en die boeke van die Nuwe Testament).*

***Latyn***
*Taal van Romeinse weermag en regering.*

## DIE AFSTAND

**Betlehem tot by die Egiptiese grens:** 67km

**Betlehem tot Alexandrië:** 241km

**Egipte tot Nasaret:** 225 km **(Lukas 2:39)**

# SINDIKAAT MET VALSE GOEDERE VASGETREK

*'n Groep reishandelaars is in hegtenis geneem nadat hulle vir maande die godsdienstige gemeenskap in Judea en Galilea bedrieg het deur vals goedere te verkoop.*

*Die soldate sê die gladdebekke het veral onskuldige, sentimentele Jode uitgebuit met hul slimstories en voorraad van kamstige "Joodse skatte".*


*Vervalste items wat verkoop is:*

- *Josef se kleed*
- *Aäron se staf*
- *Moses se mandjie*
- *Elia se belt*
- *Dawid se slingervel*

*Die owerheid waarsku dat dit onwaarskynlik is dat enigiemand hulle geld sal terugkry, maar dat slagoffers berusting kan kry met die wete dat die skurke nou in die tronk sit!*


## VARS VIS

### UIT DIE SEE VAN GALILEA:



**KURPER, SARDIEN, KARP EN KATVIS**


**Ruilhandel slegs vir:**

- -Olywe en olyfolie
- -Vye en granate
- -Gars en koring

## MAAK JOU EIE POTTE

WONDERLIKE GELEENTHEID OM DIREK BY NASARET SE POTTEBAKKER KLAS TE KRY.

**Gratis!**
Ontmoet Maandag middag by die groot Olyfboom




# JOU GESONDHEID:

## GEBRUIKE VIR MIRRE

*Mirre is 'n duur olie wat gemaak word van die bas van 'n mirre-boom. Hierdie geel/rooibruin hars word soms in soliede vorm ook gebruik.*

*Mirre is veeldoelig en skaars, en gevolglik ook baie duur (tans duurder as goud!)*

***Voorgestelde gebruike:***

- *Reiniging (Ester 2:12)*
- *Salwingsolie (Eksodus 30:23)*
- *Parfuum (Hooglied 3:6)*
- *Balseming en begrafnis (Joh 19:39)*
- *Medisyne en pynstiller (Markus 15:23)*



*ADVENT UITGAWE*

# Nasaret Nuus

ADVENT WEEK 4

21 DESEMBER TOT 25 DESEMBER 2025

## KOMPETISIE TYD

Stuur 'n foto van jou ingevulde blokkiesraaisel aan info@ritmia.org.za Stuur asseblief ook jou kontaknommer en 'n klein stukkie terugvoer oor jou belewenis van die koerant: Wat is jou gunsteling artikel tot dusver? Ons gaan aan die einde van week 'n trekking hou vir 'n gelukkige wenner wat 'n lekker prys sal ontvang!



*ONDERSTEUN DIE KUNSTE*

## NUWE MUSIEK

**Die vrystelling van die week is 'n loflied wat skaap-wagters uit Betlehem deesdae sonder ophou sing. Hulle sê hulle het die lied by engele gehoor. Ons probeer nog die skrywer opspoor, maar die lied is beslis hemels!**


*"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" (Lukas 2:14)*

## NUWE GEDIG

*In die begin was die Woord daar,*
*en die Woord was by God,*
*en die Woord was self God.*
*Hy was reeds in die begin by God.*


*Alles het deur Hom tot stand gekom:*
*ja, nie 'n enkele ding wat bestaan,*
*het sonder Hom tot stand gekom nie.*

*In Hom was daar lewe,*
*en dié lewe was die lig vir die mense.*
*Die lig skyn in die duisternis,*
*die duisternis kon dit nie uitdoof nie. (Johannes 1:1-5)*



## *FAMILIE BLOKRAAI*

1. Naam vir skaapoppasser
2. Ander naam vir diere se voerbak
3. 'n Gebruik vir mirre
4. Jesus se huistaal
5. Herodus se seun
6. Naam vir God wat Jesaja gebruik
7. Nog 'n gebruik vir mirre
8. Josef kon nie 'n _____ vind nie
9. Herodus het hiermee gesukkel
10. Plek in Egipte




## VRA VIR ELISABET:

**Liewe Elisabet**
Ek weet nie hoe om hierdie feesstyd alleen deur te bring nie. Dit is ook die eerste herinnering aan my geliefde wat hierdie jaar oorlede is. Hoe pak ek hierdie feesdag aan?

*Liewe Leser*
*Baie dankie vir jou opregte hartroerende vraag.*

*Tussen al die gekoop van gekenke en maaltyd- voorbereiding, is dit maklik om te vergeet dat hierdie tyd van die jaar vir baie mense besonder eensaam voel. Daar word groot fokus geplaas op familietyd en groot feestafels. En soms mis ons weereens die Fokuspersoon van die Fees.*

*Daar is niks wat ek kan sê wat die verlange in jou hart sal minder maak nie, maar ek wil jou wel verseker dat God waarlik daar by jou is.*

*Jesus se menswording is God se ongelooflike liefdesaksie wat binne ons weerbaarheid en broosheid inklim.*

*Kersfees hoef nie 'n hoogtepunt van vreugde te wees nie. Soms is dit vol geboortepyne en herberglose ervarings. Kom ons haal die druk af van hierdie dag en probeer net raaksien waar God ook nou ons realiteit binnetree.*

*Omring jouself met mooi musiek en huil jou hart uit as jy wil. Dalk besluit jy selfs om uit te reik na iemand anders in 'n soortegelyke situasie.*

## WONDER SAAM:

**Gespreksvrae vir jou en jou geliefdes:**

Watter artikel het met jou gesels? Is geskenke vir jou belangrik? Wat is jou definisie van liefde? Wat beteken Jesus se menswording vir jou? Watter historiesie feite in die koerant is vir jou interessant? Hoe voel jy oor hierdie feestyd? Wat het jy van God se hart raakgesien?

Hierdie koerant word gratis versprei deur Ritmia Gemeente (in vennootskap met ander gemeentes) www.ritmia.org.za
Dit is geskryf deur Adri-Marié van Heerden www.tendingthefire.co.za
Bronne wat dikwels gebruik is vir konteksnavorsing: www.bibleproject.com, www.bybelkennis.co.za, ESV Bible Atlas, www.biblearchaeology.org, NIV Study bible.
Indien jy graag hierdie skryfprojek, en die verspreiding daarvan, finansieel wil ondersteun, maak gerus 'n bydrae: Ritmia Gemeente, ABSA Tjek 409 504 9500 en gebruik die verwysing: KOERANT